**SKOONVELD (Dolf van Coller)** as biblioterapeutiese leesstof vir karaktervorming en perspektiefverandering by adolessente met 'n belangstelling in gholf.

NWU LIBRARY

A.H.E. Fourie

# **SKOONVELD (Dolf van Coller)** as biblioterapeutiese leesstof vir karaktervorming en perspektiefverandering by adolessente met 'n belangstelling in gholf.

**deur**

A.H.E. Fourie, T.H.O.D., B.A., B.Ed

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad van

Magister Artium

in die Departement Afrikaans

in die fakulteit Human and Social Sciences

aan die Universiteit van Noordwes.

NWU LIBRARY

060014494S

North-West University
Mafikeng Campus Library

Studieleier: Dr. Jan Buscop

Lichtenburg

Februarie 2003

Ek verklaar dat hierdie verhandeling vir die graad **MAGISTER ARTIUM** hiermee voorgelê by die **UNIVERSITEIT VAN NOORDWES** nog nie voorheen deur my ingedien is vir graad doeleindes by hierdie of enige ander universiteit nie, dat dit my eie werk is en dat alle verwysings hierin duidelik vermeld is.

...................................

Rika Fourie

LIBRARY
MAFIKENG CAMPUS
Call No.:
2009 -07- 20
Acc. No.: 09/A 684
NORTH-WEST UNIVERSITY

**Dankbetuiging:**

**Opregte dank aan alle betrokkenes by hierdie projek.**

**Jan, Annemarie en Minnelese, julle weet watter bydrae julle gelewer het.**

**Baie dankie.**

**At, my man, dankie vir opofferinge en verdraagsaamheid.**

**Aan elkeen wat 'n significant other in my vyftig jaar was, baie dankie.**

**Die groot Significant Other, my Skepper, alle eer kom U toe.**

**Rika**

**INHOUDSOPGAWE**


Hoofstuk 1

Inleiding 3

1.1. Probleemstelling 3

1.2. Doelformulering 7

1.3. Aktualiteit 8

1.4. Hipoteses 10

1.5. Afbakening 11

1.6. Die verloop van die studie 11

Hoofstuk 2

2.1. Inleiding 13

2.2. Biblioterapeutiese vertrekpunte en omskrywing 13

2.3. Christussentrisme 15

2.4. Enkele sielkundige begrippe 17

2.4.1. Adolessensie 17

2.4.2. Disfunsionele gesinne 18

2.5. Uitkomsgebaseerde onderwys 20

2.5.1. Wat is uitkomsgebaseerde onderwys 20

2.6. Metafoor 21

2.7. Vraelys 22

Vraelys 25

Hoofstuk 3 32

3.1. Inleiding en Tabel 33

3.2. Afdeling A van vraelys 35

3.3. Afdeling B van die vraelys 37

3.4. Afdeling C van die vraelys 38

3.5. Afdeling D van die vraelys 40

3.6. Afdeling E van die vraelys 40

3.7. Moontlikehede van Skoonveld as biblioterapeutiese teks 41

3.7.1. Die verhaal 41

3.7.2. Temas en wenke vir terapeute/onderwysers 42

3.8. Die biblioterapeut/onderwyser in UGO 48

3.9. Taalkundige meriete van Skoonveld 48

3.10 Samevatting 49

Hoofstuk 4 50

Summary 51

Bibliografie 52

# Hoofstuk 1.

## Inleiding

### 1.1. Probleemstelling

Die huidige tienergeslag word blootgestel aan die buitengewone in alle opsigte. Massamedia, vanweë die groot reikvermoë daarvan, beïnvloed lesers/kykers/deelnemers om te dink dat slegs die uiterstes aanvaarbaar is. Realiteitstelevisie in sy banaalste vorm, supersterre, en oorlewingsreekse asook rekenaarspeletjies dra by tot die jeug se perspektief. In "big brother" word twyfelagtige karakters met 'n twyfelagtige moraliteit miljoenêrs en rolmodelle.

NWU LIBRARY

Selfs sportmanne -- rugbyspelers is miljoenêrs, tennisspelers is supermense, rofstoei-akteurs met hul kultus - word as rolmodelle voorgehou, ongelukking om die verkeerde redes. Ernie Els het in drie oorwinnings ± agt en dertig miljoen rand verdien.

Volgens Louw (1998:483) raak jeugdiges se perspektief in hierdie brose ontwikkelingsfase van perspektiefneming versteur en verward. Tydens adolessensie is jeugdiges egosentries en subjektief ten opsigte van hulleself. Hulle eie ervarings en omstandighede beleef hulle as intens

uniek (Louw, 1998:482). Dit lei weer tot 'n verwarde identiteit en dus verhoudingsprobleme.

Kundiges behoort onophoudelik te soek na moontlike oplossings om as teenvoeter op te tree vir die jeug se perspektiefneming en –vorming.

Gesonde identiteitsvasmaking en -ontwikkeling, standvastig gebalanseerde rolmodelle wat eties en moreel korrek optree, hegte gesinsbande, goeie menseverhoudinge en 'n Christusgesentreerde leefwyse kan as teenvoeter dien vir die dekadensie in die wêreld van die een-en-twintigste eeu. Dit is 'n aktuele vraagstuk vir vandag – nie net vir adolessente nie, maar vir die totale mensdom.

Vanuit 'n Christussentriese lewens- en wêreldbeskouing kan nie een van genoemde oplossings sonder interaksie met die medemens en God se genade[1] plaasvind nie. Navorsing en aktuele meningsvorming word tans hoofsaaklik vanuit 'n humanistiese perspektief beoefen wat God se rol onderspeel en die individu se regte oorspeel. Dit behels ook dan besinning ten opsigte van 'n Christelike lewensvisie of lewens- en wêreldbeskouing.

---

[1] Genade is die ekwivalent van die vreugde van vergifnis. Die volgende betekenisaspekte omsluit genade : guns, vriendelikheid, mooiheid, aangenaamheid, liefde, aanvaarding en blydskap, vergelyk Stong's (1995: grace). Voortaan sal die gebruik van die term genade al bogenoemde betekenisaspekte insluit.

Biblioterapie sou beslis as 'n hulpmiddel gebruik kan word vir die perspektiefvorming van die jeug.

Lees is 'n sentrale deel van die ontwikkeling van die mens. Om te lees, is 'n bron van lewenslange genot en bevrediging. Mense lees vir ontspanning, ontvlugting, ontdekking, verryking, uitvinding en intellektuele ontwikkeling en persoonlike vorming. Groenewald (1967:182) meen boeke is oordraers en vormers van begrippe, gesindhede, lewenswaardes, perspektief en ontwikkel die vermoë van die individu om tot selfverwesenliking te kom. Dus reeds in die sestigerjare was daar meningsvormers ten opsigte van die waarde van lees sonder die eksplisiete benaming biblioterapie.

Verskeie definisies bestaan vir biblioterapie. Volgens Buscop (2001:1) is biblioterapie "die interaksie tussen leser, 'n boekkarakter, 'n terapeut en die Terapeut" (God as Vader, Seun, en Heilige Gees)" om uiteindelik totale genesing op liggaamlike, siels- en geestelike vlak van die leser te bevorder en te bewerkstellig." Vanuit hierdie Weltanchauung sou dit insiggewend kon wees om die definisie prakties te toets, juis vanweë die Christussentriese aard daarvan.

Veder sou dit interessant wees om vas te stel wat presies onder genesing verstaan word, en of dit meer prakties toegepas kan word aan die hand van geselekteerde leesmateriaal.

Genesing kan dalk moontlik ook omskryf word as 'n verandering van perspektief en daarmee gepaardegaande aanvaarding van 'n leser se probleme en omstandighede.

Die Bybel praat nooit van die mens "los van sy verhouding tot God nie. Die mens word in die Skrif steeds geteken vanuit sy relasie tot God. Die Woord van God kyk wel uit verskeie hoeke na die mens, maar omdat sy verhouding tot God sy hele bestaan omvat, is die Skrifperspektiewe op die mens altyd totaliteitsperspektiewe, holistiese visies op die mens ..." (Van der Walt, 1999:335.)

Die mens se verhouding tot God handel nie oor sy onderlinge samestelling nie. Liggaam, siel, gees, hart, vlees, en verstand is nie afsonderlike onderdele nie. Hulle is kohesief aan mekaar gebind en gee die geleentheid om die hele mens telkens vanuit 'n ander hoek beskou. (Vergelyk Van der Walt, 1999:336.)

Uitkomsgebaseerde onderwys streef daarna om die kind/jeugdige as totaliteitswese te bereik én te ontwikkel, en nie slegs as 'n intellektuele wese nie.

Bogenoemde sou biblioterapie en uitkomsgebaseerde onderwys met mekaar kon versoen en vervleg.

Omdat hierdie studie geïnteresseerd is in identiteitsvasmaking, rolmodelle, gesinsbande en verhoudinge waarmee jeugdiges in die komplekse wêreld lewe, is daar besluit op **Skoonveld** deur **Dolf van Coller** as biblioterapeutiese instrument vir individuele jeugdiges. Dit kan dalk later ontwikkel in informele groepbesprekings.

Die probeemstelling van die studie word soos volg voorgehou: kan daar by adolessente lesers met 'n belangstelling in gholf, deur sport, as metafoor te gebruik, karakter identifikasie in **Skoonveld,** perspektiefverandering wees?

## 1.2. Doelformulering

'n Moontlike beskrywing van **Skoonveld** deur Dolf van Coller as biblioterapeutiese leesstof vir jeugdiges met 'n belangstelling in gholf is die doel van hierdie studie.

Deur middel van 'n empiriese vraelys aan vrywillige respondente en die data daarmee versamel, sal resultate bespeek en gevolgtrekkings gemaak word.

Die vertrekpunt is Christussentriese biblioterapie met die doel om die noodsaaklikheid van 'n vaderfiguur/substituut of mentor op horisontale

vlak te bestudeer. Op vertikale vlak word die lyn na God as Mentor of Vader deurgetrek.

Uiteindelik gaan biblioterapeutiese heling oor veranderende perspektiewe as gevolg van identifikasie met karakters/gebeure in literêre tekste.

Die toepassingsmoontlikhede van biblioterapie in uitkomsgebaseerde onderyws sal van nader beskou word.

## 1.3. Aktualiteit

Op die voorblad van **Beeld** van 21 Januarie 2003 verskyn 'n foto van 'n glimlaggende Ernie Els met 'n trofee in sy hand. Op die agtergrond van die foto is sy vrou in trane en vee haar oë met 'n mansakdoek af.

Wat is meer menslik as dit?

Ernie Els is 'n ideale rolmodel vanweë sy nederigheid, sterk gesinsbande, sukses met sy gekose loopbaan as beroepsgholfspeler, en boonop is hy 'n Suid-Afrikaner.

Menige Suid-Afrikaanse seun kan met hom identifiseer. Dit kan vertolk word dat hy soos die gemiddelde Afrikaner leef (net beter) – hy werk hard

en Desember hou hy 'n gesinsvakansie by die see te Heroldsbaai, 'n klein strandjie aan die Suid Kaapse kus.

Gholf op sigself is 'n "gentleman's game". Daar is weinig of geen sprake van groot skandes, dwelmafhanklikheid, lelike gedrag van spelers of toeskouers nie.

In sy resensie van **Skoonveld** (Die Volksblad 17 Januarie 1994 p.6) noem Tom Gouws dat die psigologiese realisme van **Skoonveld** in die leser bly nahuiwer.

Hy noem dat gholf die metafoor word vir Wim se soeke na waardes – die psigiese beheer oor die self.

Hedendaags is die boekemark oorlaai met selfhelpboeke oor selfverbetering, byvoorbeeld **Stap vir stap na emosionele vryheid** deur **Stormie Omartian** of **Relationship rescue** deur **Dr Phil Mc Graw.**

Hierdie verskynsel dui op die mense se soeke na 'n gesonde liggaam, siel en gees.

'n Studie soos hierdie word aktueel. **Skoonveld** wat in 1994 geskryf is, is steeds in 2003 relevant. Ernie Els speel immers nou gholf.

Uitkomsgebaseerde onderwys[2] (UGO) is aan die orde van die dag. Sedert 1994 is daar transformasie in die Suid-Afrikaanse onderwysbestel en vanaf 1998 is aanvang geneem met die implementering van UGO. UGO stel homself ten doel om kennis, vaardighede, houdings en waardes van elke leerder teen sy eie tempo te ontwikkel.

Dit aktualiteit van die studie word veral op die spits gedryf deur die waarskynlikheid dat UGO en biblioterapie mekaar aanvul.

## 1.4. Hipoteses

NWU LIBRARY

Voortvloeiend uit die doelwitte van die studie word die volgende hipoteses gestel. Dit is 'n herformulering van die doelwitte van die studie.

1. Die mens funksioneer as 'n totaliteit.
2. Die mens staan in relasie tot God.
3. Perspektiefneming en - wysiging kan biblioterapeuties aangewakker word.
4. 'n Vaderfiguur se rol kan deur 'n ander persoon vertolk word in die hoedanigheid van mentor.
5. Sport word nie slegs suksesvol deur beroepspelers/geldverdieners beoefen nie.

[2] Voortaan sal die afkorting UGO gebruik word vir Uitkomsgebaseerde onderwys.

6. Sukses lê ook in bevredigende spel vir elke individu.
7. **Skoonveld** kan biblioterapeuties vir jeugdiges, ± Graad 10-12 benut word.
8. UGO en biblioterapie vul mekaar aan.

## 1.5 Afbakening

Die mens/adolessent het behoefte aan 'n mentor/vader. In die konteks van 'n disfunksionele gesin soos in **Skoonveld** word die vaderfiguur deur iemand anders as die vader vertolk.

Die eiesoortige problematiek van 'n adolessent in 'n soortgelyke situasie word biblioterapeuties aangespreek.

Omdat Wim as karakter 'n aanknopingspunt met Dr. Hans Reinecke in gholf vind, word 'n agtien putjie gholfspel die metafoor van sy en sy gesin se probleme.

Aanvullend tot die biblioterapeutiese ondersoek word 'n aantal vrywilligers van Graad 10-12 versoek om **Skoonveld** te lees en daarna 'n vraelys te voltooi. Die doel hiervan is om empiries vas te probeer stel of daar 'n verskuiwing van fokus by die adolessente plaavind.

## 1.6 Die verloop van die studie.

In hoofstuk 1 word die probleemstelling van die studie voorgehou. Die gang van die navorsing korrespondeer daarmee.

Hoofstuk 2 is 'n teoretiese hoofstuk waarin verskeie begrippe sal uitkristalliseer sodat met duidelike definisies gewerk kan word om die studie volgens die navorser se perspektiewe te begryp. Sielkundige sowel as godsdienstige begrippe sal gedefinieer word. Uitkomsgebaseerde onderwys in Suid-Afrika sal ook bespreek word.

'n Konsep vraelys wat 'n geselekteerde lesersgroep van **Skoonveld** voltooi het, sal ook toegelig word.

**Skoonveld** van **Dolf van Coller** word in hoofstuk 3 as literêre teks bespreek vir biblioterapeuse toepassingsmoontlikhede nadat die vraelyste se data weergegee is.

Laastens word in hoofstuk 4 'n samevatting en slotsom van die studie gegee.

# Hoofstuk 2

## 2.1. Inleiding

Hierdie is 'n teoretiese hoofstuk waarin bestaande literatuur en gepaste teoretiese terminologie ten opsigte van die gekose onderwerp(e) verduidelik word.

Verskeie begrippe word bespreek ten einde werksdefinisies vir hierdie onderwerp te aanvaar of te skep. Die fokus bly egter altyd op die gekose onderwerp en relevante literatuur.

Die konsepvraelys met betrekking tot **Skoonveld** word ook hier bespreek en verskyn as deel van die hoofstuk.

## 2.2. Biblioterapeutiese vertrekpunte en omskrywings

Internasionaal bestaan daar verskeie registers en opgawes van biblioterapeutiese navorsing, studies en akademiese artikels. Baie kan op die internet en in biblioteke nagespeur word.

'n Voorbeeld van so 'n register waar biblioterapeutiese navorsing en bevindinge gelys is, is die **Educational Resources Information Centre (ERIC)**. Daar bestaan ook 'n rekenaar-databasis van bogenoemde register.

Die enigste Suid-Afrikaanse register vir navorsing en studie is die reeds genoemde **Nasionale Navorsingstigting** of nexus-databasis.

Verskeie verhandelings en tesisse, met biblioterapie as navorsingsonderwerp is by Nexus geregistreer. Geeneen van hierdie navorsingstukke ondersteun of oorvleuel met hierdie studie nie.

In 1998 is 'n titel geregistreer, naamlik "Bibliotherapy for adolescents: reading youth fiction as a therapeutic tool". Hierdie studie word by die Universiteit van die Weskaap gedoen, maar is tot op datum nog onvoltooid. Die projeknommer daarvan is 955172.

Aangesien biblioterapie 'n interdissiplinêre studieveld is en daar verskeie tipes biblioterapie is http://www.therapistfinder.net/glossary/poetry-therapy.html sal net gekonsentreer word op ontwikkelings- en interaktiewe biblioterapie in Suid-Afrika.

Ontwikkelings- en interaktiewe biblioterapie vind plaas in skole, hospitale, en ander sentra vir volwassenes en bejaardes. Dit behels lees, interaksie tussen lesers en terapeut deur gesels of kreatiewe skryfwerk oor die bepaalde onderwerp waaroor gelees is. Die gelese boek is soms 'n aanknopingspunt vir verdere onderwerpe.

Die tema sal verder vernou word deur adolessensie, sport, disfunksionele gesinne, pa-seun-verhoudings en UGO. 'n Christussentriese perspektief word gebruik as benadering tot die studie.

Soos reeds gemeld in Hoofstuk 1 volstaan hierdie studie met biblioterapie soos gedefinieer deur Buscop (2001:1) naamlik dat dit die interaksie tussen leser, 'n boekkarakter 'n terapeut en die Terapeut (God as Vader, Seun en Heilige Gees) om uiteindelik op liggaamlike, siels- en geestelike vlak van die leser te bevorder en te bewerkstellig.

Hierdie definisie sal prakties toegepas word op die terrein van perspektiefverandering en aanvaarding.

'n Byvoeging deur die navorser is dat ook die onderwerp van 'n boek perspektiefverandering en aanvaarding kan bring.

## 2.3. Christussentrisme

Aangesien biblioterapie altyd 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing as grondslag het, word hierdie studie vanuit 'n Bybels-Teïstiese weltanschauung aangepak. Die studie is dus primêr Christussentries.

Miller (1997:36) definieer 'n lewens- en wêreldbeskouing as 'n stel aannames wat doelbewus of onbewustelik gehuldig word in geloof oor dit

wat die wêreld is en die wêreld deurgrond. Van der Walt (1999:47) sien 'n lewensvisie as geïntegreerde, interpreterende, normatiewe geloofsperspektiewe op die werklikheid wat menslike aktiwiteite grond, vorm, motiveer, daaraan rigting en sin gee, en so die mens se roeping in die wêreld uitspel. Aangesien beide definisies op dieselfde neerkom word beide gebruik.

'n Christelike lewens- en wêreldsbeskouing het as basis Goddrie-enig. Christene glo dat God die Skepper, Onderhouer en Voleinder van alles is; dat Jesus Christus die enigste Seun van God is; gesterf het vir alle belyde sondes en 'n ewige lewe berei het vir almal wat Sy Naam bely; dat die Heilige Gees van God as leiding in elke Christen funksioneer.

Die mens is na die beeld van God geskape. Dit beteken dat die Christen glo dat die skepping van die mens voorbedag is, en dat elke mens 'n unieke beeld van God en God ons Skepper is.

Volgens Gitt (1999: 100-105) as geskapenes na die beeld van God praat ons, dink ons, skryf ons, is ons kreatief, waardeer en skep mooi goed, evalueer en oordeel ons, is ons getrou en opreg, verenig ons, kan ons liefhê en het ons 'n eie wil soos God gedelegeer het.

Die mens as totalitiet sal ook deur Christussentriese biblioterapie in totaliteit bereik word.

## 2.4. Enkele sielkundige begrippe

Hierdie studie wil nie ingaan op spesifieke sielkundige teorieë nie. Dit is egter wel nodig dat 'n aantal terme van in die studie verder aan bod kom, verduidelik sal word. Vir die doel van hierdie studie word slegs werksdefinisies saamgestel uit verskeie bronne soos aangedui.

### 2.4.1. Adolessensie.

Adolessensie is 'n ontwikkelingstadium tussen 12 en 20 jaar. Die ontwikkelingsproses is ingebed in die kulturele, sosiale en ekonomiese omgewing. Betekenisvolle fisiese, biologiese, kognitiewe en psigo-sosiale veranderinge vind plaas tydens hierdie periode (vergelyk Du Toit, 1996: 2; Louw, 1988: 476 - 492).

NWU LIBRARY

Vir hierdie studie se doeleindes sal net die toepaslike fasette omskryf word.

- Kognitief ontwikkel adolessente die vermoë tot abstrakte denke. Inkonsekwenthede en onopregtheid in ander se woord en daad veroorsaak verwarring, rebelsheid en argumente – veral met ouers! Hulle ontwikkel ook introspektiewe vaardighede. Deurdat hulle fokuspunt op hulle eie uniekheid gevestig is, is hulle besonder sensitief vir ander se menings ten opsigte van hulleself.

- Bogenoemde lei tot die perspektief wat adolessente van hulleself het en daarmee gepaardgaande hulle ontwikkelende identiteit. Hulle perspektiefneming is wat hulle dink ander van hulle dink. Identiteitsvorming het te doen met waardesisteme, geslagsrolle, verhoudings, die huwelik, godsdiens, en andere.

- Adolessente beleef hierdie proses pynlik waar die huis, kerk, skool en gemeenskap se waardes nie ooreenstem nie. Bevraagtekening, ontdekking en eksperimentering veroorsaak 'n moeilike intensiewe krisisproses. Negatiewe identiteitsvorming vind plaas waar 'n diepgaande botsing van waardes binne 'n gesin teenwoordig is.

- Positiewe sosiale strukture veral binne die gesin en portuurgroep dra by tot 'n positiewe perspektief en identiteit. Uitsluiting uit gesin- en postuurgroepe lei to 'n gevoel van verwerping (sien Du Toit, 1997).

### 2.4.2. Disfunksionele gesinne

Daar is nie konkrete afsnypunte in die sosiale sielkunde van reg of verkeerd nie. Sodoende is dit soms moeilik om relevante sielkundeterminologie te omskryf. As werkdefinisie vir onderhawige studie

word 'n disfunksionele gesin soos volg omskryf: 'n gesin waar individuele en interpersoonlike verhoudings intern nie gemaklik is nie.

Die mens se verhouding met God kan vertikaal voorgestel word. Verhoudings tussen mense kan sodoende horisontaal voorgestel word. Christene glo dat indien die vertikale verhouding nie gesond is nie, die horisontale verhoudings nie gesond kan wees nie. Gesinsdinamika is ongebalanseerd en kohesie ontbreek (Louw, 1988: 467 - 492). Daar kan ook sprake wees van gebrekkige persoonlikheidsontwikkeling by een of beide van die ouers.

Vader-seun-verhoudinge is een van verhoudings binne 'n gesin. 'n Gebrekkige pa-seun-verhouding manifesteer op verskeie maniere in 'n seun se (veral) latere lewe. Ouernavorsing het geglo dat vaders min interaksie met hulle kinders hoef te hê in (Johnson, v.45:301). 'n Vader se teenwoordigheid is fisies en psigies essensieel.

Russel en Radojevic in (Johnson, 1997 p.302) beweer dat 'n onbetrokke vader 'n nadelige uitwerking het op die moeder-kind-verhoudinge. 'n Onbetrokke vader kan ook bydra tot gedragsprobleme by die kind, swak selfbeeld, sosiale vaardighede en min sukses met gesinsterapie. 'n Gesonde verhouding tussen ouers word ook positief verbind met 'n gesonde pa-kind-verhouding.

'n Afwesige en onbetrokke vader hoef nie noodwendig slegs tydens tienerjare afwesig te wees nie. Die invloed van onbetrokkenheid is geldend vir al die onderskeibare ontwikkelingsfases van die kind.

Waar daar nie 'n vader teenwoordig is nie verwys Craig (1983:369) na die ***significant other*** as 'n ***surrogaat*** vir identiteitsontwikkeling. In die vertikale lyn van verhoudinge word verwys na Vader/Jesus/Heilige Gees as die ***Significant Other***. Dit is die **individu** met wie die adolossent eerder assossieer. Hierdie individu word vir die doel van hierdie studie die mentor genoem.

Al het mense dwarsdeur hulle lewe 'n ***significant other*** in hulle lewe, het dié idividu die grootste impak tydens adolessensie (Graig, 1988: 368-370).

## 2.5. Uitkomsgebaseerde onderwys

### 2.5.1. Wat is uitkomsgebaseerde onderwys

Dit is lewenslange leer. Dit word aangevuur deur uitkomste wat leerders bemeester tydens en aan die einde van die opvoedings- en leerervarings. Die uitkomste is veelvlakkig en behels kennis, vaardighede, ***houdings*** en ***waardes***. UGO vereis 'n verskeidenheid leer- en onderrigstrategieë met genoeg tyd vir elke leerder *as* ***idividu*** en in groepsverband om sy

potensiaal te ontwikkel. Die beleidsdokumente is so objektief en onpartydig moontlik geskryf om die verskeidenheid lewensbeskouinge in Suid-Afrika te akkommodeer. Die twaalf kritiese uitkomste omvat die volle kurrikulum.

Die kernbeginsels wat die ontwikkeling van UGO onderlê, is ***intergrasie, holistiese ontwikkeling, relevansie, deelname*** en ***rentmeesterskap, aanspreeklikheid*** en ***deursigtigheid, leerdergeoriënteerd, buigsaamheid, kritiese*** en ***reagerende denke, progressie,*** sonder ***vooropgesteldhede,*** insluiting van leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes en laastens kwaliteit, standaarde en internasionale vergelykbaarheid. (National Government Paper 1996:1-9.)

## 2.6. Metafoor

Daar is reeds ekstensief navorsing gedoen oor die metafoor. (Vergelyk veral die studie van Gräbe (1984).

'n Metafoor is wanneer een objek, gewoonlik konkreet, in die plek van 'n ander geplaas word, gewoonlik abstrak, om 'n analogie of ooreenstemming tussen die twee objekte te suggereer. Abstrakte konsepte word beter begryp as metafore gebruik word om dit te beskryf.

Gräbe (1992:288) definieer metaforiese taalgebruik as wanneer taalkenners die gewaarwording ervaar dat 'n taalgebruiker of 'n sintaktiese of 'n semantiese taalreël oortree het. Om 'n metafoor te interpreteer moet die leser 'n definitiewe taalkennis hê. Figuurlike betekenis van taal moet geïnterpreteer kan word.

Bogenoemde sal as werksdefiniesie gebruik word.

## 2.7. Vraelys

Die volgende vraelys is saamgestel om empiries adolessente se reaksie op **Skoonveld** te evalueer. Die doel daarmee is om vas te stel of **Skoonveld** biblioterapeutiese materiaal is.

Die lesers is vrywillige eerstetaalsprekers van Hoërskool Lichtenburg in Noordwes. Goeie m aatreëls is getref dat die vraelyste elke individu se opinie weerspieël en dat lesers mekaar nie beïnvloed nie.

Aangesien die navorser op die platteland woonagtig is en bekend is aan die plaaslike leerders, is van 'n tussenganger gebruik gemaak om eerlike resultate te verkry.

Die vraelys bestaan uit vyf afdelings.

A. Oor jouself.

Inligting oor lesers. Geslag is doelbewus uitgelaat, maar die tussenganger sal dit verskaf.

Van die vrae kan as vertroulike inligting beskou word, vandaar die anonimiteit van die vraelys.

B. Oor **Skoonveld**

Inligting oor die identifkasie van die leser met die boekkarakters.

C. Letterkundige insig

Vrae om die lesers se begrip van die metafoor van sport en die letterkundige diepte van die boek te evalueer.

D. Algemene indrukke

Kinders, selfs tieners, word aangetrek deur die fisiese voorkoms van 'n boek. 'n Mening van die lesers word gevra.

E. Laastens

Verdere navorsing behoort gedoen te word om te besin oor die relevansie van Graad 11 en 12 se voorgeskrewe werke. Graad 11- en 12-leerders se huidige voorgeskrewe boeke is beslis irrelevant ten opsigte van hulle leefwêreld. Koning van Katoren (Terlouw, 1977), Toorberg (Van Heerden, 1986), Verlore paradyse deur (Snyman, 1981), en Kringe in die Bos (Matthee, 1985). Die letterkundige kwaliteit van hierdie boeke word nie gekritiseer nie, maar die relevansie daarvan vir die adolessent in die sekondêre skoolsisteem in Suid-Afrika word bevraagteken.

**SKOONVELD** **DOLF VAN COLLER**

Hierdie is 'n anonieme vraelys wat slegs voltooi kan word nadat **Skoonveld** van **Dolf van Coller** gelees is.

Die hoofdoel met die vraelys is om iets meer te wete te kom van jou (die leser) se gesinsopset, indrukke van die boek, wat jy raakgelees het in die boek en veral belangrik of die boek ietwat aan jou as jeugdige se perspektief oor een of ander saak verander het.

Baie dankie vir jou vrywillige samewerking.

Die navorser.

**A. Oor jouself**

- Ouderdom:

  ______________________________________

- Graad:

  ______________________________________

- Is jou ouers nog met mekaar getroud:

________________________

- Indien jy nie die oudste is nie, voel jy dat die oudste broer/suster anders behandel word as jy? Indien wel, brei asseblief 'n bietjie uit.

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

NWU LIBRARY

- Dink jy julle het gesinskrisisse wat deur professionele hulp opgelos kan word?

__________________________________________________

- Sonder om uit te brei noem 'n gesinskrisis(se) bv. Alkoholisme – pa of rusies oor geld.

__________________________________________________

__________________________________________________

- Speel godsdiens 'n belangrike rol in julle huis?

________________________________________________

- Is julle gereelde kerkgangers?______________________________

- Neem jy aan sport deel?__________________________________

- Indien wel, waaraan:

  ______________________________________________________

**B. Oor "Skoonveld"**

- Het jy die boek geniet?

  ______________________________________________________

- Kon jy tot 'n mate met 'n karakter identifiseer?

  ______________________________________________________

- Wie? en Waarom? ____________________________________

  ______________________________________________________

  ______________________________________________________

- Wim het 'n mentor of raadgewer in Dr. Hans gehad. Dink jy nadat jy die boek gelees het dat 'n mentor 'n rol kon speel in die emosionele en geestelike vorming van 'n mens?

____________________________________________

____________________________________________

- Was jy daarvan bewus voor "Skoonveld" dat 'n mentor bestaan?

____________________________________________

- Indien jy vir jouself 'n mentor kon kies, wie sou dit wees? (Moenie 'n naam gee nie, slegs jou verwantskap met die persoon)

____________________________________________

**C. 'n Paar vrae oor jou letterkundige insig.**

(Dit moet jou asseblief nie ontmoedig as jy iets nie soos die navorser vertolk nie – gee eerder jou vertolking weer.)

- Was gholf in die boek noodsaaklik en hoekom?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

- Het die boek jou geboei? Motiveer.

- Bied die boek oplossings vir die karakters? Verduidelik.

- Daar is sinspeling van seksuele perversies. Het jy so iets raakgelees?. Waarop word gesinspeel?

- Hoekom het elke hoofstuk die naam van 'n karakter?

- Lees jy iets in die titel **"Skoonveld"**?

## D. Algemene indrukke

- Fisiese voorkoms van **Skoonveld**. Gee jou opinie oor die:
    - Stofstofomslag:
    - Papier waarop die boek gedruk is se kwaliteit:

## E. Laastens

- Hoe vergelyk die boek met die voorgeskrewe boeke wat jy tot dusver op skool gehad het?

- Gee die boek 'n punt uit 10: ___

## HOOFSTUK 3

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word **Skoonveld** deur **Dolf van Coller** as moontlike litêrere teks vir biblioterapie bespreek.

Dit sal gedoen word met die teorie van hoofstuk twee as basis. Met ander woorde die interpretasie sal vanuit die perspektief wees van wat in dié hoofstuk aangebied is. Daar moet in gedagte gehou word dat daar nie praktiese interaktiewe biblioterapie in 'n klaskamersituasie gedoen word nie. Die teks word slegs ondersoek as moontlike literêre teks vir biblioterapie.

Alvorens daar na **Skoonveld** ondersoek ingestel kan word, word 'n profiel van die lesers saamgestel.

Die prosedure wat gevolg sal word, is om elke afdeling, byvoorbeeld A, B of C van die vraelys te bespreek aan die hand van die resultate soos ontvang vanaf die elf tieners wat die boek gelees het.

Vyftien vraelyste is verskaf aan respondente; slegs elf is voltooid terugontvang. Die data in die tabel is slegs vanaf die vraelyste versamel.

| Nommer van vraelys | Ouderdom 2002 | Graad 2002 | Geslag | Ouers se huwelikstatus | Posisie in die gesin | Aanmerkings deur lesers by afdeling A van vraelys |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 11 | V | Getroud | Ouer Suster | Geld rusies inkonsekwent |
| 2 | 18 | 12 | M | Geskei | Oudste van 2 | Drankmisbruik van ma |
| 3 | 18 | 12 | M | Getroud | Ouer en jonger Broer | Inkonsekwent |
| 4 | 17 | 12 | V | Tweede huwelik | Ouer Stief-suster | Dood van stiefsussie se ma Geld rusies |
| 5 | 16 | 10 | V | Geskei | Oudste jonger Broer | Woon saam met jonger broer by pa – voel afgeskeep |
| 6 | 17 | 11 | M | Tweede huwelik | Jongste van ma se 3 eie kinders | Ma en stiefpa stry oor haar kinders |
| 7 | 17 | 11 | V | Getroud | Ouers Broer | Inkonsekwent Ma en sussie – rusies |
| 8 | 17 | 11 | V | Tweede huwelik | Ouer stief-broer en- | Inkonsekwent |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | suster | |
| 9 | 18 | 12 | M | Getroud | Enigste | Ouers te sosiaal en materialisties |
| 10 | 17 | 11 | V | Tweede huwelik | Tweede van 4 – saamge stel | Inkonsekwent |
| 11 | 16 | 10 | V | Getroud | Broers (2) | Jonger broer breinbesering – in rolstoel. Sy reken pa het hulp nodig maar sal dit weier. |

## 3.2 Afdeling A van vraelys

Persoonlike data rondom die lesers wat van belang vir navorsing van biblioterapie deur middel van **Skoonveld** kan wees, word verwag.

Die aanvanklike teikengroep van Graad 10 tot 12 is nagekom, met die interessantheid dat twee sestienjarige meisies ook deelgeneem het aan die proses. Aangesien die navorser nie kontak gehad het met die lesers nie, kan daar geen verklaring verskaf word nie.

In terme van geslagverspreiding het vier seuns en sewe meisies deelgeneem. Dit moet egter in gedagte gehou word dat vrywilligers vir die proses gewerf is.

Die huwelikstatus van die ouers sien as volg daaruit:

- Vyf pare is steeds getroud;
- Twee geskeide ouers;
- Vier pare se tweede huwelike.

Die probleem wat die meerderheid (ses) van hierdie lesers ervaar het, is dat broers of susters voorgetrek of anders behandel word as die tiener self. Is dit die werklikheid of slegs 'n tipiese adolessente vertolking van

omstandighede? 'n Groepbespreking wat prakties in 'n klaskamer gehou word, kan dalk duidelikheid gee.

Twee van die lesers noem rusies oor geld as bron van gesinsprobleme. Dit is baie moontlik in die huidige ekonomiese toestand, maar dit was ook 'n leidraad van die navorser, wat miskien die lesers beïnvloed het. Interaksie met die twee individue sou kon lig werp op die erns van die situasie.

Vraelys elf is baie volledig voltooi en die meisie verwys onophoudelik na die traumatiese gebeure romdom haar jonger broer wat breinskade opgedoen het tydens 'n ongeluk.

Sy is ook die enigste een wat telkens oor God skryf, byvoorbeeld "met God se hulp" en "ons tyd is nie God se tyd nie".

Die antwoorde op die vraag betreffende die rol van godsdiens in hulle huise het egter nie oortuig nie. Slegs vraelys vier antwoord "nie oor die algemeen" terwyl almal verder "ja" sê. Op die vraag of hulle gereelde kerkgangers is, is daar wisselende reaksies. Die meeste lesers (sewe) antwoord ja terwyl die ander "ongereeld" en "soms" antwoord.

Slegs twee lesers beoefen glad nie sport nie, naamlik vraelyste vier en tien.

### 3.3 Afdeling B van die vraelys.

Die data wat hier ingewin is, handel hoofsaaklik oor moontlike identifisering met 'n boekkarakter of situasie(s). Daar is ook 'n hipotetiese vraag wat handel oor wie die leser as mentor het of sou kies.

Antwoorde op die vraag of hulle die boek geniet het, wissel van ja (agt), nee (een), baie (een) en ontstellend (een). Die motivering bly deurgaans dieselfde, en dit is, dat hulle identifiseer met 'n karakter, situasie of veral dat hulle gekonfronteer word met realiteit van die lewe. Daar is ook by implikasie 'n groter bewuswording dat hulle eie probleme meer universeel is as wat hulle gedink het voor die lees van **Skoonveld.**

Agt van die lesers het met Wim geïdentifiseer, hoofsaaklik omdat hy 'n "out-sider" is (vraelys vier), en hulle ook isolasie, eensaamheid en niemand-verstaan-my-nie, ervaar. Vraelys drie identifiseer met Wim op sportgebied. Vraelys nege noem dat sy eie ouers ook te sosiaal en materialisties is.

Vereenselwiging (drie) met situasies in **Skoonveld** word as volg gedoen: Vraelys vier herken situasies en die pyn wat dit veroorsaak; vraelys vyf dink veral Janine se ontsettende eensaamheid is erg; vraelys elf

identifiseer met Janine se situasie in die rolstoel omdat haar broer ook in 'n rolstoel is.

'n Mentor is vir al die lesers belangrik. Drie lesers het gemeld dat hulle mentors het, onderskeidelik 'n oudonderwyser, rugby-afrigter en 'n ouma. Vraelys vyf sê sy weet nie of sy 'n mentor het nie. Sy woon by haar pa en haar vertrouling is haar ma se suster wie sy baie selde sien.

By die keuse van wie hulle mentor kan wees, is dit meestal tradisionele leierfigure soos dominees en onderwysers. Vraelys twee verkies sy beste vriend se pa omdat die pa 'n goeie gholfspeler is.

### 3.4 Afdeling C van die vraelys.

In hierdie afdeling is meer van die lesers verwag as om net die storie weer te gee of 'n persoonlike opinie te lug. Die biblioterapeutiese waarde van **Skoonveld** volg na die bespreking van die vraelyste.

Meestal het die antwoorde nie teleurgestel nie. Niemand het die woord metafoor gebruik nie, maar almal het begrip getoon dat gholf as metafoor in die boek gebruik is om Wim se lewenspad oor die laaste twee jaar te verduidelik.

Die lesers verras ook met hulle verduideliking van elke hoofstuk wat 'n karakter se naam het. Die slotsom waartoe hul kom, is dat dit elke karakter is wat die gebeure vertel. Die leser weet dan ook wat in elke karakter se gedagtewêreld aangaan, dus 'n slim manier om die alwetende verteller te benut. Gebeure word ook telkens vanaf 'n ander invalshoek beleef.

Die inherente woordspeling van die titel is ook raakgesien. Juweeltjies ter verduideliking van die titel is onder andere op vraelys sewe, "dit dui daarop dat 'n mens moet teruggaan **Skoonveld** toe al gaan dit hoe swaar". Vraelys vier voeg by dat dit ook verband kan hou met Dirk se dood wat nou finaal agter die rug is. Of die lesers die woordspeling in die titel sou begryp, indien daar nie 'n vraelys was nie, sal mens net met 'n diskoers kon vasstel.

Al elf lesers sê dat hul die boek geniet en boeiend gevind het. (Die navorser moet meld dat party besonder lank gelees het - soms tot 'n week).

Slegs drie lesers (vraelyste twee, ses en elf) het gemeld dat daar nie eenvoudige oplossings vir komplekse probleme is nie. Die ander vereenvoudig Janine se siekte met die operasie as oplossing en/of Wim verstaan Dirk se dood.

Slegs vraelys vier het 'n seksuele perversie rondom Dirk/molestering/gay raakgesien en so verwoord.

Die meerderheid lesers het eerder Wim en Janine se gedagte oor die teenoorgestelde geslag as onnatuurlik beskou.

### 3.5 Afdeling D van die vraelys.

Deur die bank impliseer die lesers dat hulle nie die boek sou gelees het op grond van die stofomslag as hulle nie gewerf was nie.

Die kwaliteit van die papier van die boek, wat dit volgens die navorser verouderd laat vertoon, hinder hulle nie.

### 3.6 Afdeling E van die vraelys.

Vraelys een noem dit "realiteit", vraelys vier noem dit "in touch" en vraelys agt sê "dit is ons wêreld". Al die lesers het die boek geniet en spreek die mening uit dat hulle eintlik meer daarmee identifiseer as met hulle voorgeskrewe werke op skool.

## 3.7 Moontlikhede van Skoonveld as biblioterapeutiese teks.

### 3.7.1 Die verhaal.

Die boek handel oor 'n disfunksionele gesin in die hoër inkomstegroep. Die oudste broer, Dirk, is tydens 'n jaloerse liefdesdriehoek tussen gays op die grens doodgeskiet. Janine en Wim is 'n tweeling, die jongste kinders van die Benade's.

Dirk was die goue seun van die gesin, slim, sportief en hoofseun. Janine was mooi en buitengewoon sportief en gewild. Wim is die "nerd" en alleenloper met gebrekkige sosiale vaardighede. Hy is briljant en 'n uitstekende gholfspeler.

Die verhouding tussen ma en pa is stram. Pa drink te veel en is outokraties. Ma is gebroke na Dirk se dood en Janine se siekte. Janine is in 'n rolstoel as gevolg van 'n spiersiekte en kan glad nie kommunikeer nie behalwe deur haar oë te knip. Ma en pa slaap op aparte beddens. Hulle het alewig rusies oor Wim.

Skynbaar weet Wim dat sy pa vir Dirk gemolesteer het – dit word egter slegs gesuggereer. 'n Verhouding tussen pa en seun bestaan nie.

Die ouers besluit op gesinsterapie, maar uiteindelik is dr. Hans Reinecke Wim se mentor. Wim leer vir Hans gholf speel. Die metafoor van die agtien gholf gaaitjies deur die boek is treffend en uiters belangrik.

Nadat Wim vyf maande by Hans en Mercia ingewoon het, skryf hy matriekeksamen en slaag met ses A-simbole. Wim begin self beheer oor sy lewe neem en laat nie omstandighede toe om hom te kortwiek nie.

Uiteindelik stem sy pa in tot 'n operasie vir Janine. Sy kon die operasie reeds twee jaar gelede ondergaan het. Haar pa het geweier.

Hy besluit om Paarl toe te gaan waar Stephan de Villiers, Dirk se geliefde, woon. Hy wil weet hoe Dirk dood is. Wim stap uit na sy besoek en sien 'n skoonveld.

### 3.7.2 Temas en wenke vir terapeute/onderwysers.

Skoonveld is heel tereg volgens Gouws (1994:6) in die genre van psigologiese realisme.

Die verhaal het verskeie deurlopende temas, wat suksesvol benut kan word deur fasiliteerders in die Verdere Onderwys Band volgens die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, dit is Graad 10 tot 12.

Daar word egter voorgestel dat hierdie boek oordeelkundig deur 'n onderwyser-terapeut aan individue gegee word, aanvanklik as remediërende lees of verrykingslees. Groepsgesprekke kan daarna gevoer word in byvoorbeeld 'n lewensoriënteringklas of 'n Afrikaanse klas.

- Die duidelikste tema is waarskynlik die swak verhouding tussen Wim en sy pa, en dr. Hans Reinecke se rol as mentor.

'n Suggestie dat Wim dalk meer weet van sy pa en Dirk se verhouding, word by die leser geskep. Dit dra by tot sy disrespek en negatiwiteit teenoor sy pa.

NMMU LIBRARY

Daar kan in 'n beplande, terloopse aktiwiteit na 'n ouer-kind-verhouding verwys word. Met leiding en fasilitering kan adolessente se perspektiewe gewysig/verskuif word, deur hul portuurgroep en onderwyser.

In dieselfde trant kan inligting oor adolessensie bespreek word. Aangesien ses uit elf tieners op hulle vraelyste aangedui het dat hulle broers/susters voorgetrek word, kan hulle perspektief met betrekking tot hulle "unieke" probleme ook toegelig word. Waterdigte redenasies en motivering om byvoorbeeld aan te dui dat hulle probleme eintlik universeel onder adolessente is, word gewoonlik aanvaar. Mits die volwassene wat die boodskap oordra, vertroue inboesem.

Groot wysgere het mentors gehad. In Afrikaans is 'n gesegde naamlik om aan die voet van Gamaliël te sit. Gamaliël was 'n onderwyser/mentor van Paulus (volgens die Amplified Bible 1987, Acts 5:34). Sokrates, 'n Griekse filosoof, was die mentor van Plato, waarskynlik die grootste Griekse filosoof ooit.

Dr. Hans Reinecke se rol in Wim se lewe is openbarend. Aanvanklik het Wim geen vertroue in hom gehad nie (p. 30), maar met sy onveroordelende en liefdevolle gedrag wen hy Wim se vertroue.

In hoofstuk twee (p. 17) word verwys dat die mens na die beeld van God geskape is. Dr. Hans in sy optrede jeens Wim word so as 'n afspieëling van God se beeld beleef. Wat egter meer en meer duidelik word soos die verhaal vorder, is Wim ook self begin glo dat hy 'n afspieëling van God is. Hy hoef dus nie minderwaardig en uitgeworpe te voel nie. Sodoende is in hierdie voorbeeld beide die terapeut én die Terapeut gelyktydig aan die werk.

Die wisselwerking tussen Dr. Hans en Wim skep ook biblioterapeutiese helingsmoontlikhede wat wedersyds 'n impak het. Dr. Hans leer ook by Wim, en nie net andersom nie. Op pagina ses en dertig is 'n interessante gesprek op die gholfbaan. Dr. Hans sukkel op 'n baie smal skoonveld tussen digte bosse aan weerskante. Hy vra vir Wim of Wim die bosse

sien. Wim reageer met 'n teenvraag – watter bosse? Dr Hans sê dan, "ek sien wat jy bedoel. Mind over matter". Tydens Wim se sielkundige behandeling is dit juis wat Dr. Hans by Wim probeer tuisbring. Hoe elke mens sy omsandighede sien en ervaar is 'n kwessie van pespektief.

Wim vra ook op 'n stadium vir Dr. Hans wanneer hy net Mercia saam met wie hy woon, gaan trou. Dit stem hom tot nadenke, en hy besef vanuit 'n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing sy eie foute ook.

- Gholf as deurlopende metafoor kan ook ontgin word. Die hele verhaal is die ekwivalent van 'n gholfspel. Die putjies verloop egter nie chronologies nie, maar eerder parallel met duidelike emosionele hoogte- én laagtepunte.

Die gholfbaan met sy ruveld, sukkelveld, skoonveld en setperke is die toneel van die lewe self.

Soos Wim emosioneel, geestelik en intellektueel groei deur die verhaal, beland hy al minder in die ruveld en sukkelveld, waar die baan hom beheer. Hy is meer op die skoonveld waar hy taktiese houe kan speel.

- Die vrou in swart wat by Wim in sy drome spook, en later ook helder oordag, is waarskynlik die emosionele bagasie wat Wim saamdra sedert Dirk se dood.

Hierdie tema kan veral suksesvol ontsluit word by leerders met erge emosionele probleme.

Die katarsis van die verhaal is waar Wim by Stephan uitkom. Stephan se ma is die versinnebeelding en reële vrou in swart in Wim se lewe. Hier hoor Wim die waarheid. Sy perpektief en insig verander en verbreed en so verwerk hy sy emosionele bagasie.

- Dit bring ons by die tema van die titel **Skoonveld**. Die oomblik toe Wim sy matriekuitslae kry, die verduideliking van Stephan rondom Dirk se dood, en die geloof dat Janine se operasie 'n sukses kan wees, sien Wim die skoonveld – die lewe lê nou oop voor hom!

Sy probleme is nie almal opgelos nie, maar sy opinie daaromtrent is gewysig. Dit is alleenlik God se genade en genesing wat so iets kan regkry.

- Godsdiens, veral Wim en Dr. Hans se gesprek op paginas 87 en 88 kan 'n uitstekende tema vir biblioterapie wees.

Tieners, wat bevraagtekenend is, reageer baie soos Wim. In hierdie geval is daar nie 'n sterk godsdiensbelewing en -beoefening tuis nie. 'n Mentor kan egter 'n aansienlike verskil maak.

- Wim se verhouding met Janine/Lokkies kan ook ontgin word. Die band tussen die tweeling voor die gesinskrisis was op 'n naby – Lokkies (troetel naam) – vlak. Na Dirk se dood en veral Janine se siekte is dit vir Wim baie moeilik om emosioneel naby haar te beweeg. Selfs haar fisiese voorkoms stoot hom af. Hy distansieër hom van haar deur aan haar as Janine en nie Lokkies te dink nie.

Na Janine se siekte en Wim se seksuele ervarings in Hillbrow distansieer hy hom van haar en noem haar dan Janine.

Die boom voor haar venster is tekenend van die diepte van hulle band. Toe hulle naby mekaar was, het hy op die takke tot in haar kamer geklim of homself in 'n mik tuisgemaak en met haar gesels.

Sedert haar siekte het hy gereeld probeer om kontak met haar te bewerkstellig, maar hy kon homself nie sover kry om tot binne haar sig te klim nie.

- Daar is nog etlike onontginde temas in die boek, byvoorbeeld dwelms, tienerverhoudings, ensovoorts. Die navorser volstaan egter by genoemde temas.

### 3.8 Die onderwyser as biblioterapeut in UGO

UGO moedig individuele ontwikkeling aan. Elke leser sal dus van **Skoonveld** sy eie interpretasie hê. Die biblioterapeut moet egter onderlê wees in die onderwerp om die tieners se reaksie en vrae te kan hanteer. Leerders met probleme sal indien die atmosfeer en geleentheid geskik is, verdere toenadering/hulp soek by die biblioterapeut.

Aanvaar rentmeesterskap as terapeut, ouer, en onderwyser. Hierdeur word die belangrikheid van die terapeut, en ander volwasse betrokkenes se eie Christussentriese lewens en wêreldbeskouing as integrale eenheid en volheid van sy lewe deurgaans tot voorbeeld van die jeugdige beklemtoon. God se kultuuropdrag (Gen. 1:26 en 27) en die daarmee gepaardgaande sendingopdrag (Matt. 28:19-20) aan die mens is primêr.

### 3.9 Taalkundige meriete van Skoonveld

Die taal is aanvaarbaar sonder om bokant die lesers se vuurmaakplek te wees. Die taal is nie so vreemd dat die lesers die boek verkeerd sal interpreteer nie. Die karakters is nie stereotipes nie, maar uniek. Die verteltrant, met elke hoofstuk sy eie verteller volgens die karakter, is aanvanklik vreemd, maar die verhaal vloei saam tot 'n klimaks.

### 3.10. Samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om **Skoonveld** as biblioterapeutiese leesstof se toepassingsmoontlikhede uit te lig.

Die terugvoer lank nadat die vraelyste afgehandel is, is dat daar steeds by die omgewing se biblioteke navraag is vir **Skoonveld** want almal wil dit lees.

In UGO kan die boek suksesvol as aanknopinspunt vir menige lewensles benut word, veral omdat die vyf ontwikkelingsuitkomste hierin onderlê word.

NWU
LIBRARY

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING

Adolessensie is as een van die moeilikste fases in die mens se lewe geïdentifiseer. Die hedendaagse verwarring as gevolg van humanisme, globalisasie, beroepsport en realiteitstelevisie intensiveer die problematiek van menswees.

UGO en biblioterapie streef daarna om gelukkige gebalanseerde volwassenes te vorm en ontwikkel. Deur **Skoonveld** (Dolf van Coller) te gebruik as biblioterapeutiese leesstof is adolessente met hul eie situasies en identifisering gekonfronteer. Selfs geloofsaspekte soos genade en God as Vader is aangespreek.

**Skoonveld**, juis omdat dit in 'n gholfmetafoor geskryf is, het vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief aanspraak op morele standaarde gemaak. Met helde soos Ernie Els, Retief Goosen en andere wat prominensie aan gholf verleen en dus die klaskamer 'n wêreld in die kleine maak, is **Skoonveld** beslis as biblioterapeutiese teks aanbeveel vir UGO. Dit is aan die hand van 'n Christusgesentreerde lewens- en wêreldbeskouing gedoen wat in die woorde van Wim (p. 87) soos volg opgesom is: "The individual who is not anchored in God can offer no resistance on his resources to the physical and moral blandishment of the world".

SUMMARY

Adolescence is recognised as one of the most difficult phases in human life. The present confusion due to Humanism, globalisation, professional sports and reality television, intensifies the problems man is faced with.

Both OBE and bibliotherapy strive to mould and develop happy, balanced adults. By using **Skoonveld** (Dolf van Coller) as bibliotherapeutic reading matter, adolescents were confronted with their own situations and identification. Even aspects around faith, like grace and God as Father, were addressed.

**Skoonveld**, contextualised in the golf metephor, could lay claim on moral standards from a South African perspective. With golf heroes like Ernie Els, Retief Goosen and others giving prominance to this sport, **Skoonveld** can be promoted as bibliotherapeutical text for OBE thus, changing the classroom into a world of small proportions. This was done through a Christocentric worldview summarised in the words of Wim (p. 87): "The individual who is not anchored in God can offer no resistance on his resources to the physical and moral blandishment of the world".

## Bibliografie


Anoniem, http://www.therapistfinder.net/glossary/poetry-therapy.html

Barlow, D.H. en Durand, V.M. 1998. Abnormal psychology: an integrative approach. Belmont: Wadsworth.

Buscop, J. 2001. Lesingmateriaal - M.A. Afrikaans. Mmabatho Universiteit van Noordwes.

Gräbe, I in Cloete, T.T. (red.). 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM

Craig, G.J. 1988. Human development. Englewood Cliffs Prentice-Hall.

Du Toit, M. e.a. 1997. A lifeskills and coping programme for adolescents: a manual for teachers.

Epstein, J.S. (Ed) 1998. Youth culture: identity in a postmodern world. Massachusetts: Blackwell.

Enhanced Strong's Lexicon. 1995. Logos research systems.

Gitt, W. 1999. The wonder of man. Bieleveld: CLV.

Gräbe, I. 1984a. Aspekte van poëtiese taalgebruik: teoretiese verkenning en toepassing. Potchefstroom: Departement van Sentrale Publikasies, PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks A: nr. 46.)

Groenewald, E.C. 1967. Die Skoolbiblioteek in opvoedkundige perspektief. Pretoria: Transvaalse Onderwysdepartement.

Johnson, W.B. 1997. Father uninvolvement: impact, etiology and potential solutions. Pastoral psychology V.45 no. 6 pp. 301-308.

Kalish, R.A. 1985. Death, grief, and caring relationships. Montery California: Brooks/Cole.

Louw, D.A. & Edwards, D. **Samest.** 1998. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider- Afrika. Johannesburg: Heinemann Inleiding vir studente in Suider-Afrika.

Martens, R. 1987. Coaches guide to sport psychology. Illinois: Human Kinetics Publishers.

Matthee, D. 1985. Kringe in die bos. Kaapstad: Tafelberg.

McGraw, P. 2000. Relationship rescue. Mc Murthy: Lonesome dove.

Miller, D.L. 1997. Disciplinaring the nations: the power of truth to transforum cultures. Seattle: YWAM.

Möller, A. 1993. Perspektiewe oor persoonlikheid. Durban Butterworth.

Omartion, S. 1999. Stap vir stap na emosionele vryheid. Kaapstad Struik.

Stack, F. (E.A.)(Ed.) 1981. Subjective wellbeing: An interdisciplinary perspective. Oxford: Pergamon.

Steenberg, E. 1988. Primêre behoeftes van tieners waarin hul boeke voorsien. Klasgids, jg.23, nr. 2, pp. 14-19.

Van Coller, D. 1993. Skoonveld. Pretoria: J.P. Van der Walt.

Van Der Walt, B.J. 1999. Visie op die werklikheid. Potchefstroom: PU vir CHO.

Terlouw, J. 1977. Koning van Katoring. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E . 1986. Toorberg. Kaapstad: Tafelberg.

Snyman, M.J. 1981. Verlore paradyse. Crayghall: Guidelines.